

Die selfidentifikasie van Christus in die Boodskap aan Smirna (Openbaring 2:8-11)

A.H. Grové &
Fika J. van Rensburg
Departement Klassieke en Semitiesiek
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

Abstract

As a specific way of interpreting the seven Messages of Revelation 2 and 3, scholars accept the importance of the self-identifications of Christ in these Messages. Little or (in the case of some of the self-identifications) no research has, however, been done on the coherence of the self-identification with the rest of the pericope. In the present article an attempt is made to define this coherence in the Message to Smyrna (Revelation 2:8-11). In the article it is argued that coherence exists on three levels, namely coherence of thought structure, coherence of theme, and coherence of content. The conclusion arrived at points to the fact that a valid interpretation of the Messages cannot be made without taking this coherence into consideration.

Die belang van die selfidentifikasies¹ in Openbaring 2 en 3 vir geldige interpretasies van elk van die sewe Boodskappe in Openbaring word algemeen erken. Die meeste navorsers erken die bestaan van 'n samehang tussen elke selfidentifikasie en die res van die betrokke perikoop. Daar word egter nie uitdruklik uitgespel ~~wat~~ dié samehang is of *hoe* dit die interpretasie van die perikoop beïnvloed nie.² In hierdie artikel word gepoog om in die boodskap aan Smirna (Openbaring 2:8-11) die aard van die samehang tussen die selfidentifikasie en die ander komponente³ van die perikoop te bepaal.

¹ *Selfidentifikasie* verwys na dié frase aan die begin van elke boodskap wat deur τάδε λέγει ingelei word en waarin Christus Homself telkens op 'n unieke wyse identifiseer.

² Lilje (1955:65) motiveer byvoorbeeld nie waarom hy oordeel dat "like the introductory sayings, the introductory phrases of the main section are also fitted exactly to the community to which they are addressed". Ewencens gee Hendriksen (1973:66) geen motivering vir sy stelling "the self-description is in harmony with the general tone of the letter" nie. Ook Aune (1990:182-204) bly in gebreke om die samehang tussen die selfidentifikasies en die res van die Boodskappe te beskryf wanneer hy die belang van die selfidentifikasies vir die kategorisering van die boodskappe as koninklike edikte aantoon.

³ Onder *komponent* word 'n goedomlynde en identifiseerbare gedagte-eenheid verstaan. Die *gedesseeerde*s word byvoorbeeld as so 'n gedagte-eenheid verstaan.

In die opsom van die argumentasielyn word eerstens die gedagte-opbousamehang⁴ bepaal en daarna die tematiese⁵ en inhoudelike samehang.⁶ Die sosio-historiese konteks van die gemeente in Smirna word in al die fases van die ondersoek verdiskonteer.

1. DIE GEDAGTE-OPBOUSAMEHANG

1.1 Die gedagte-opbou van 2:8-11

Ten einde die selfidentifikasie binne die konteks van die Boodskap in hierdie perikoop te ontlee, word vervolgens 'n interpretasie in die gedagte-opbou van 2:8-11 gegee.

1.1.1 Die hoofdele van die Boodskap


Navorsers is grootliks eenstemmig dat die Boodskap op semantiese gronde - en ondersteun deur sintaktiese verskynsels - in drie hoofdele kan verdeel word, naamlik 2:8a, 2:8b en 2:9-11. Hierdie driedeling is voor die hand liggend, onder andere op grond van die feit dat dié verdeling in al sewe die Boodskappe dieselfde patroon vertoon. Ten opsigte van die eerste twee hoofdele is dié patroon besonder opvallend. By die hoofdeel 2:8a (Καὶ τῷ ἀγγέλῳ τῆς ἐν Σμύρνῃ ἐκκλησίας γράψου), waarin die skryfopdrag en die geadresseerdes vermeld word, is daar by al die Boodskappe volledige formele gelykheid; al wat verskil is die naam van die stad waarin die gemeente is. In die geval van die tweede hoofdeel (2:8b: Τάδε λέγει ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος, ὃς ἐγένετο νεκρὸς καὶ ἔζησεν) is daar ook groot ooreenstemming. Elkeen van die *selfidentifikasies* begin met die woorde *τάδε λέγει*, en daarop volg dan telkens die unieke bekendmaking van die Outeur by elke Boodskap. Die begin van die derde hoofdeel is eweneens duidelik aanmerkbaar: die werkwoord *οἶδα* dui die begin aan en hierdie derde hoofdeel strek tot aan die einde van elke Boodskap.

⁴ Die gedagte-opbou is bepaal op grond van die ontleding van die sintaktiese struktuur van die perikoop, volgens die metode uitgewerk deur Van Rensburg in sy 1980- en 1988-publikasies (1980:67-116; 1988:415-438), en toegepas in twee 1990-publikasies (1990a:283-300; 1990b:71-101).

⁵ Onder *tematiese samehang* word verstaan die samehang wat daar tussen die selfidentifikasie en die ander komponente (of onderdele van komponente) in die perikoop bestaan op grond daarvan dat dieselfde motiewe in elkeen van die komponente voorkom.

⁶ Sekere aangeleenthede in die selfidentifikasie kom *expressis verbis* in ander komponente voor. Hierdie verskynsel word *inhoudelike samehang* genoem.

Die driedeling 2:8a, 28b, en 2:9-11 kan soos volg voorgestel word:




1.1.2 Die gedagte-eenhede van Openbaring 2:9-11

Die afbakening van die gedagte-eenhede van die derde hoofdeel is minder voor die hand liggend, en so ook die bepaling van die relasies van hierdie gedagte-eenhede. Dit is dus nodig om die interpretasie hiervan te motiveer.

1.1.2.1 Die vier uitsprake van die Outeur

In hierdie derde hoofdeel word vier gedagte-eenhede onderskei, en elkeen is 'n uitspraak van die selfgeïdentifiseerde Outeur. In elke gedagte-eenheid word die Outeur dus geïdentifiseer deur een van die dinge (τάδε) wat Hy sê (λέγει). Hierdie vier gedagte-eenhede beslaan onderskeidelik 2:9, 2:10, 2:11a en 2:11b:



Die relasies binne die eerste en die tweede uitspraak van die Outeur (2:9 en 2:10) is nie voor die hand liggend nie, en daarom word ons wyse van verstaan daarvan in groter detail uiteengesit. Die derde en die vierde uitspraak is minder problematies en daarom word net oorsigtelik daaraan aandag gegee.

1.1.2.2 Die eerste uitspraak van die Outeur (Op. 2:9)

Die eerste gedagte-eenheid (2:9: Οἶδά σου τὴν θλίψιν καὶ τὴν πτωχείαν, ἀλλὰ πλούσιος εἶ, καὶ τὴν βλασφημίαν ἐκ τῶν λεγόντων Ἰουδαίους εἶναι ἑαυτοῦς, καὶ οὐκ εἰσὶν ἀλλὰ συναγωγὴ τοῦ Σατανᾶ) is 'n stelling wat ingelei word deur die indikatiewe werkwoord οἶδα en wat aan die einde van die vers voltooi word.

Die begin van 'n volgende gedagte-eenheid word gemerk deur die imperatief (μηδὲν φοβοῦ) waarmee 2:10 begin.

Die eerste καὶ in 2:9 (τὴν θλίψιν καὶ τὴν πτωχείαν) word as 'n onderskikkende kwalifiserende partikel geïnterpreteer - 'n partikel wat in Afrikaans met *naamlik* weergegee kan word. Τὴν θλίψιν word dus deur die eerste καὶ-frase nader gekwalifiseer. Die tweede καὶ in 2:9 (καὶ τὴν βλασφημίαν) word as 'n koördinerende ekwivalente partikel geïnterpreteer, en kan met *en* weergegee word (Mounce, 1980:92). Τὴν θλίψιν word dus op tweërlei wyse nader gekwalifiseer, naamlik as *armoede* en as *kwaadstokery*. Hierdie relasies van die komponente van die eerste uitspraak van die Outeur kan soos volg voorgestel word:⁷

Die eerste uitspraak van die Outeur: Aspekte van die teenswoordige verdrukking

2:9a: Ek ken julle verdrukking

"Verdrukking" op tweërlei wyse nader gekwalifiseer

- * 2:9b: naamlik julle armoede, en tog is julle ryk
- * 2:9c: en die kwaadstokery van die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar tot die sinagoge van die Satan behoort

1.1.2.3 Die tweede uitspraak van die Outeur (Op. 2:10)


Die twee imperatiewe in 2:10 (μηδὲν φοβοῦ en γίνου πιστός) word geïnterpreteer as die tweeledige tweede gedagte-eenheid. Die eerste een van die twee imperatiewe (μηδὲν φοβοῦ) is 'n aanduiding daarvan dat dit 'n tweede gedagte-eenheid inlei - daar is immers 'n modus-verandering. Die relasie tussen hierdie tweede gedagte-eenheid en die voorafgaande word asindeties gemerk, dit wil sê sonder 'n relasiepartikel (Blass & Debrunner, 1961:225). Hierdie interpretasie van die *asindeteton* ondersteun die interpretasie dat μηδὲν φοβοῦ 'n nuwe gedagte-eenheid begin, en dat die tweede imperatief (γίνου πιστός), wat ook asindeties is, die tweede been van die tweeledige tweede gedagte-eenheid vorm.⁸

Die tweede sin van 2:10 (ἰδοὺ μέλλει βάλλειν ὁ διάβολος ἕξ ὑμῶν εἰς φυλακὴν) is eweneens asindeties. Hierdie *asindeteton* word geïnterpreteer as die rede


⁷ In hierdie voorstelling van die gedagte-opbou word die Afrikaanse ekwivalent van die inhoud van die betrokke gedagte-eenheid binne 'n blok geplaas. Sodanige gedagte-eenheid word 'n *komponent* genoem. 'n Verbindingslyn toon aan met watter ander komponent(e) hierdie komponent in 'n relasie staan, en direk bokant die blok word die aard van hierdie relasie gedefinieer. Waar ter sake word ook 'n kort tipesing van die inhoud van die komponent gegee.

⁸ *Asindeteton* word hier as 'n *entiteit* in eie reg hanteer, soos Poythress (1984:318) dit doen. Dit kom baie ooreen met die *zero*-morfeem in die linguistiek. Hierdie beskouing klop feitlik met wat Denniston (1966:xliii) *formele* (teenoor *stilistiese*) *asindeteton* noem.

in 'n rede-gevolgrelasie. 2:10b motiveer dus waarom die gelowiges nie bang moet wees nie. Hierna word 'n tweërlei gevolg van die optrede van die duivel vermeld, naamlik (1) ἵνα πειρασθῆτε en (2) καὶ ἔξετε θλίψιν ἡμερῶν δέκα. Die relasies van die eerste deel van 2:10 kan soos volg voorgestel word:



Die tweede deel van 2:10 begin met die imperatief-sin (γίνου πιστὸς ἄχρι θανάτου) en dié deel van 2:10 kan soos volg voorgestel word:



In hierdie tweede uitspraak van die Outeur word dus gehandel oor die toekomstige lyding. In kontras met die oorwinnende aard van Christus se aktiwiteit, word lyding wat op die dood kan uitloop vir die gemeente in die vooruitsig gestel.

1.1.2.4 Die derde en die vierde uitspraak van die Outeur (Op. 2:10f en 11)

Die derde en vierde uitsprake van die Outeur kom inmekaar verweef voor. Hierdie uitsprake word ingelei met καὶ in 2:10f (καὶ δώσω σοι τὸν στέφανον τῆς ζωῆς), en hierdie καὶ merk die relasie met die voorafgaande as neweskikkend gelykwaardig,⁹ met ander woorde: dit merk die begin van die derde uitspraak. Hierdie derde uitspraak vind sy voortsetting in 2:11b (die ὁ νικῶν-frase). Die vierde uitspraak (ὁ ἔχων οὗς ἀκουσάτω τί τὸ πνεῦμα λέγει ταῖς ἐκκλησίαις, 2:11a) kom midde-in die derde uitspraak voor.

Die gedeeltes 2:10f en 11b word om verskillende redes geïnterpreteer as 'n tweeledige derde uitspraak waarin die belofte gegee word. Eerstens moet gemeld word dat die term δώσω op verskillende plekke in Openbaring 2 en 3 gebruik word om die maak

⁹ Daar is ook 'n ander verklaringsmoontlikheid, naamlik dat die καὶ waarmee die laaste deel van 2:10 (καὶ δώσω σοι τὸν στέφανον τῆς ζωῆς) begin, geïnterpreteer word as merker van gevolg in 'n rede-gevolgrelasie. Hiervolgens is die belofte van 2:10f 'n gevolg as die geadresseerdes getrou bly.

van 'n belofte te vermeld (vgl. 2:7,17,26,28; 3:21). Tweedens geld van die tweede deel van die belofte wat asindeties met ὁ νικῶν ingelei word, dat die woorde ὁ νικῶν telkens as inleidende formulering van die beloftes in Openbaring 2 en 3 voorkom. Die eerste deel van die belofte word positief verwoord in terme van lewe, en die tweede deel van die belofte word negatief verwoord in terme van dood.

Die vierde uitspraak ὁ ἔχων οὖς ἀκουσάτω τί τὸ πνεῦμα λέγει ταῖς ἐκκλησίαις (2:11a) word asindeties gemerk, en word geïnterpreteer as 'n parentese. Hierdie frase kom in die ander Boodskappe gelykluidend voor. In die eerste drie Boodskappe kom dit as tweedelaaste gedagte-eenheid voor, en in die laaste vier Boodskappe as laaste gedagte-eenheid. Waarskynlik beklee die uitspraak dus in 2:11a dié parentetiese posisie om stilistiese redes, waarop nie nou dieper ingegaan word nie. Die derde en vierde uitsprake kan soos volg voorgestel word:

Die derde en vierde uitspraak van die Outeur: Belofte en gesagsuitspraak

Die derde uitspraak (a): Belofte, positief geformuleer - die ontvangs van die lewe

2:10f: En Ek sal julle die lewe as kroon gee

Die vierde uitspraak: Parentetiese gesagsuitspraak


2:11a: Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê

Die derde uitspraak (b): Belofte, negatief geformuleer - die oorwinning oor die dood

2:11b: Dié wat die oorwinning behaal, sal beslis nie deur die tweede dood getref word nie.

1.1.3 Voorstelling van die gedagte-opbou van 2:8-11

Bogenoemde interpretasie van die gedagte-opbou van 2:8-11 kan soos volg voorgestel word:



1.1.4 Samevatting

Die gedagte-opbou van 2:8-11 kan dus soos volg saamgevat word: Christus maak Homself bekend as dié een wat wel gesterf het, maar weer lewend geword het. Hy het dus die dood oorwin (2:8b) en in hierdie hoedanigheid gee Hy die skryfopdrag (2:8a).

In die eerste uitspraak word beskryf dat die Outeur die teenswoordige lyding van die gemeente ken, want die bestaan van die gemeente staan in die teken van lyding. Die

gemeente ervaar hierdie lyding in die teenswoordige tyd as verdrukking - 'n verdrukking wat in armoede en lastering tot uiting kom (2:9).

In die tweede uitspraak word aspekte van die toekomstige lyding van die gemeente beskryf. Dié toekomstige lyding sal deur die toedoen van die duivel plaasvind en die gemeente sal dit as beproewing en swaarkry ervaar (2:10). Met die oog op die toekomstige lyding bemoedig Christus die gemeente met 'n tweeledige opdrag: hulle moenie bang wees nie en hulle moet getrou bly tot die dood toe (2:10a en 2:10e).

Die derde opdrag is die oorwinnaarsbelofte. Christus sal aan die gemeente die lewe as kroon gee (2:10f), en hulle sal nie deur die tweede dood getref word nie (2:11b). Die belofte wat Christus aan die gemeente maak, dien waarskynlik daartoe om hulle verder in hulle lyding te bemoedig. Hulle kry die belofte van die ewige lewe (2:10f) wat oorwinning oor die ewige dood impliseer (2:11b).

Die vierde uitspraak is die gesagsuitroep waarin die gemeente opgeskerp word om te luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

1.2 Die samehangfunksie van die selfidentifikasie

In die perikoop 2:8-11 is Christus die handelende - soos wat Hy Homself in 2:8b bekend maak. Hy is die een wat - reeds voor sy selfidentifisering - die opdrag gee dat die Boodskap geskryf moet word (2:8a). Verder ken Hy die huidige omstandighede van die kerk, naamlik hulle verdrukking, wat uit armoede en kwaadstokery bestaan (2:9), asook hulle toekomstige lyding, naamlik hulle beproewing en swaarkry (2:10a-d). Omdat Christus weet dat die toekomstige lyding oor hulle gaan kom, gee Hy aan die gemeente twee bemoedigende opdragte (2:10a,e). Hy maak aan hulle beloftes (2:10f,11b), en Hy roep hulle op om na Hom te luister (2:11a).

- *Vanuit die perspektief van gedagte-ophou blyk dit dus dat Christus die primêr-handelende in die hele perikoop 2:8-11 is. Hierdie afleiding word gemaak op grond van die wyse waarop Christus Homself identifiseer as die Eerste en die Laaste, die een wat dood was en weer lewend geword het.*

2. INTERPRETASIE VAN DIE SELFIDENTIFIKASIE VAN DIE OUTEUR (2:8b)

In hierdie paragraaf word sekere motiewe in die selfidentifikasie geïdentifiseer ten einde die samehang van daardie motiewe met die res van die perikoop te ondersoek.

Die selfidentifikasie bestaan uit twee dele, naamlik ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος en 'n betreklike bysin as kwalifikasie by die eerste deel, naamlik ὃς ἐγένετο νεκρὸς καὶ ἔζησεν.¹⁰ Hierdie onderdele van die selfidentifikasie word vervolgens ondersoek.

¹⁰ Die bewoording van die selfidentifikasie in 2:8 kom ooreen met die bewoording van 1:17-18.

2.1 'Ο πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος as selfidentifikasie

Christus maak Homself aan die gemeente in Smirna bekend met die titel ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος. Dié frase word op gelyke vlak en as uitruilbare uitdrukking gebruik vir τὸ "Ἄλφα καὶ τὸ "Ω en ἡ ἀρχὴ καὶ τὸ τέλος in 22:13 omdat dié drie uitdrukings dieselfde betekenis verwoord (Morris, 1969:260; Mounce, 1980:393). Die frase τὸ "Ἄλφα καὶ τὸ "Ω in 1:8 sinspeel op die Godheid van Christus, en in die lig daarvan kan aanvaar word dat al drie hierdie titels Christus se Godheid belig (Pohl, 1973:95; Groenewald, 1986:42).

Christus se voorstelling in die selfidentifikasie as die Een wat lewe uit die dood in aansyn roep, maak Hom tegelykertyd as die soewereine God bekend (Mounce, 1980: 81). Die tipering ὁ πρῶτος impliseer dat Christus die ewige God is wat voor alle dinge (ook voor die skepping) bestaan het, en aan Wie alle dinge wat bestaan, hulle ontstaan te danke het (vgl. Joh. 1:1-3). In die selfidentifikasie word Christus dus bekend gemaak as die Skeppergod, wat voor en bo sy skepping bestaan (Groenewald, 1986: 38; Mounce 1980:374).

Sekere navorsers (waaronder Lenski, 1963:96,622; Mounce, 1980:374; Groenewald, 1986:38) meen dat Christus met die frase ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος voorgestel word as dié Een wat in noue samehang met die gebeure in die geskiedenis optree: Hy is die begin en die einde van die geskiedenis in dié sin dat alle gebeure in die geskiedenis - en besonderlik in die heilsgeskiedenis - in Hom hulle oorsprong vind (Van der Waal, 1981:362). Die kwalifikasie by ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος, naamlik ὅς ἐγένετο νεκρὸς καὶ ἔζησεν sinspeel op 'n sekere wesenstrek van God se optrede in die geskiedenis, naamlik dat Hy telkens lewe uit die dood vir sy volk bewerk.

Wanneer Christus sê dat Hy dood was en lewend geword het, ἐν die lewe aan die gelowige gee (Op. 2:10), dan blyk dit dat Hy Hom eweneens bekend maak met ὅς ἐγένετο νεκρὸς καὶ ἔζησεν (Op. 2:8) as die God wat lewe in aansyn roep. Aangesien ὅς ἐγένετο νεκρὸς καὶ ἔζησεν 'n kwalifikasie by ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος is, kan die afleiding gemaak word dat met ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος Christus eweneens voorgestel word as God wat lewe gee. In die frase ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος kom 'n soteriologiese dimensie na vore: nie alleen het Christus self die dood oorwin nie, maar Hy gee ook sodanige oorwinning aan die ware gelowige (2:10f). Christus is die God wat herskep.

Die frase ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος impliseer dat Christus ewig is. Menslike geslagte volg mekaar op, maar Christus is van ewigheid af, van voor die skepping af God, en Hy

Trouens, die ander ses Boodsappe se selfidentifikasies is ook uit die eerste hoofstuk geneem. Vanweë die fokus van hierdie artikel word die verband tussen hierdie Boodskap en die res van Openbaring nie eksplisiet verdiskonteer nie.

bly God tot in ewigheid, tot nadat die menslike geskiedenis van hierdie bedeling ophou.

In Jesaja 44:6 word God getipeer as *Ek is die Eerste en Ek is die Laaste*. Hierdie tipering hang saam met die feit dat Hy die enigste God is: buiten Hom is daar geen God nie. Hierdie voorstelling van God word gemaak om Hom te kontrasteer met die gode van die heidene tussen wie Israel geleef het; die heidene het afgode aanbid (vgl. Jes. 44:9-19). Die lidmate van die kerk in Smirna het eweneens tussen heidene geleef wat afgode vereer het. Navorsers (waar onder Morris, 1969:55 en Visser, 1975:32) meen dat Christus in die selfidentifikasie $\acute{\omicron}\ \pi\rho\acute{\omega}\tau\omicron\varsigma\ \kappa\alpha\iota\ \acute{\omicron}\ \epsilon\sigma\chi\alpha\tau\omicron\varsigma$ op dieselfde wyse as in Jesaja 44:6 as die enigste God bekend gemaak word.

- *Die frase $\acute{\omicron}\ \pi\rho\acute{\omega}\tau\omicron\varsigma\ \kappa\alpha\iota\ \acute{\omicron}\ \epsilon\sigma\chi\alpha\tau\omicron\varsigma$ in 2:8b bring dus die volgende aspekte van Christus se Christus-wees na vore: die Godheid van Christus, Christus as Skepper, en Christus as Herskepper en Heerser oor die dood. In hierdie frase kan ook 'n oorwinnings-, 'n antitetiese, 'n soteriologiese en 'n eskatologiese aspek onderskei word.*

2.2 $\acute{\omicron}\varsigma\ \acute{\epsilon}\gamma\acute{\epsilon}\nu\epsilon\tau\omicron\ \nu\epsilon\kappa\rho\acute{\varsigma}\ \kappa\alpha\iota\ \acute{\epsilon}\zeta\eta\sigma\epsilon\nu$ as selfidentifikasie

'n Deel van die titel $\acute{\omicron}\ \pi\rho\acute{\omega}\tau\omicron\varsigma\ \kappa\alpha\iota\ \acute{\omicron}\ \epsilon\sigma\chi\alpha\tau\omicron\varsigma$ is die kwalifikasie $\acute{\omicron}\varsigma\ \acute{\epsilon}\gamma\acute{\epsilon}\nu\epsilon\tau\omicron\ \nu\epsilon\kappa\rho\acute{\varsigma}\ \kappa\alpha\iota\ \acute{\epsilon}\zeta\eta\sigma\epsilon\nu$ en die woorde $\acute{\omicron}\varsigma\ \acute{\epsilon}\gamma\acute{\epsilon}\nu\epsilon\tau\omicron\ \nu\epsilon\kappa\rho\acute{\varsigma}$ impliseer die hele lydensgeskiedenis van Christus. By sy kruisdood wat die dieptepunt van sy lydensgeskiedenis verteenwoordig, word Christus se liggaam leweloos, 'n lyk. Vir Christus was die dood veel meer as 'n liggaamlike dood; sy dood was die ewige dood, die dood van die hel, die dood van godverlatenheid (vgl. Matt. 27:46), die tweede dood. Dat Christus die dood oorwin het, spreek van sy Godheid.

Die $\nu\epsilon\kappa\rho\acute{\varsigma}$ -wees van Christus en die feit dat Hy lewend geword het, staan in radikale kontras met mekaar. Met $\acute{\epsilon}\zeta\eta\sigma\epsilon\nu$ in 2:8b word die opstanding van Christus uit die dood tot die lewe beskryf (vgl. Rom. 14:9 waar met $\acute{\epsilon}\zeta\eta\sigma\epsilon\nu$ ook na die opstanding van Christus verwys word). Met sy opstanding het Christus Homself bewys as oorwinnaar oor die dood, die laaste vyand van die mens (1 Kor. 15:26). Die lewe wat Hy deur sy opstanding verkry het, is van sodanige aard dat die dood geen houvas daarop het nie, en gevolglik is sy lewe ewigdurend¹¹ (Pohl, 1973:95). 'n Wesenskenmerk van Christus is dat Hy vir ewig lewe (Lenski, 1963:73); deur sy opstanding het Christus nie alleen die ewige lewe herwin wat Hy voor die skepping by die Vader gehad het nie, maar het Hy ook 'n nuwe oorwinnaarslewe oor die dood geïnisieer en tot stand gebring (Caird, 1966:26; Hendriksen, 1973:64). Wanneer Christus Homself bekend maak as die Een

¹¹ Hierdie interpretasie klop met wat daar in Romeine 6:9 staan: "Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie."

wat lewend geword het, spreek dit nie slegs van sy opstanding nie, maar ook van sy Godheid (Farrer, 1964:69).

Hierdie onderdeel van die selfidentifikasie hou in dat sowel die heilsgeskiedenis as die sekulêre geskiedenis in samehang met Christus se optrede staan. Christus, wat die dood oorwin het, is in die besonder in beheer van die heilsgeskiedenis. Hy soek immers die ewige heil en lewe van dié wat aan Hom behoort (Greijdanus, 1973:56). Daar kom dus in die frase $\delta\varsigma \acute{\epsilon}\gamma\acute{\epsilon}\nu\epsilon\tau\omicron \nu\epsilon\kappa\rho\acute{\varsigma} \kappa\alpha\iota \acute{\epsilon}\zeta\eta\sigma\epsilon\nu$ 'n soteriologiese dimensie binne eskatologiese konteks na vore.

Dood staan in absolute kontras met lewe, en Christus oorwin die dood. Die dood (liggaamlik, tydelik en ewig) word in 1 Korintiërs 15:26 beskou as 'n vyand wat oorwin moet word. Oorwinning veronderstel dus oorlog en Christus het met sy opstanding die sege oor die dood behaal. 'n Heersers-, 'n polemiese en 'n antitetiese motief word dus in hierdie onderdeel van die selfidentifikasie aangeraak.

- *In die frase $\delta\varsigma \acute{\epsilon}\gamma\acute{\epsilon}\nu\epsilon\tau\omicron \nu\epsilon\kappa\rho\acute{\varsigma} \kappa\alpha\iota \acute{\epsilon}\zeta\eta\sigma\epsilon\nu$ in die selfidentifikasie kan die volgende tipes motiewe onderskei word: 'n goddelike, 'n soteriologiese, 'n eskatologiese, 'n polemiese, 'n antitetiese en 'n heersersmotief.*

3. DIE SAMEHANG VAN DIE SELFIDENTIFIKASIE MET DIE ANDER KOMPONENTE VAN DIE PERIKOOP

In die lig van die geïdentifiseerde motiewe word vervolgens die samehang tussen die selfidentifikasie en elkeen van die ander komponente in die perikoop 2:8-11 ondersoek.

3.1 Die eerste uitspraak van die Outeur: Aspekte van die teenswoordige lyding (2:9)

In 2:9 word die teenswoordige lyding van die gemeente beskryf as *verdrukking*. Dié verdrukking word nader omskryf as armoede en as benadeling op grond van kwaadstokery deur ander mense.

3.1.1 Verdrukking (2:9)

Prakties het verdrukking vir die gemeente beteken dat hulle belaster en deur die Jode wat hulle van die leuen bedien het, in die tronk gegooi is. Die verdrukking wat Smirna moes beleef, het vir die kerk daar uitgespel dat hulle nie 'n permanente staanplek en lewensruimte in daardie samelewing het nie. Dit rym met Christus se voorafwaarskuwing dat diegene wat in Hom glo en in navolging van Hom lewe, verdrukking te wagt moet wees (Mark. 13:19; Joh. 15:20).

Sekere navorsers (bv. Coetzee, 1988:265-266; Lilje, 1955:51; Torrance, 1959:21; Wilcock, 1973:42) oordeel op grond van Openbaring 1:9 dat daar drie deurlopende

lyne in Openbaring na vore kom, naamlik θλιψις, βασιλεία en ὑπομονή, en dat die kerk oor alle eeue in hierdie drieërlei situasie verkeer. Verder meen navorsers (waaronder Coetzee, 1988:266, en Greijdanus, 1973:20) dat die skrywer van Openbaring die kerk wil vertroos met die versekering dat die Koning van die kerk altyd in hulle midde is (Op. 1:3) en dat Hy sy beloftes aan hulle tot uitvoer sal bring. Daar is 'n element van troos en bemoediging geleë in die feit dat vermeld word dat Christus wat die dood oorwin het, weet van die gemeente van Smirna se lyding.¹²

Nie die mense wat instrumente in die hand van die Satan is en deur wie die verdrukking in Smirna waarskynlik geïnisieer word, het die laaste woord oor die gemeente nie, maar Hy wat mag het oor die dood, en lewe uit die dood gebied (Lenski, 1963:97). Christus het die laaste woord oor die verdrukking wat die gemeente ly, omdat Hy in staat was om die ergste verdrukking en lyding wat deur die Satan geïnisieer is (nl. sy kruisdood; vgl. Joh. 8:44), effektief te oorwin deurdat Hy uit die dood opgestaan het (2:8b).

Die dieptepunt van Christus se verdrukking word met νεκρός (2:8b) verwoord. In Johannes 16:33¹³ word 'n duidelike band gelê tussen die verdrukking wat die gemeente ly en die feit dat Christus by magte is om (as oorwinnaar oor die dood) sy kerk saam met Hom in sy sege te laat deel. Omdat Hy dood was en weer lewend geword het, is Hy in staat om aan hulle die ewige lewe te gee ondanks die verdrukking wat hulle verduur. Christus het met sy opstanding die nuwe bedeling waarin daar nie meer verdrukking sal wees nie, ingelei (vgl. Op. 21:4; Schlier, 1985:335).

Deur die toedoen van Christus, mond die verdrukking van die gelowige in heerlikheid uit. Deur 'n ware geloof in Christus (soos Hy Hom in 2:8b identifiseer) is die gelowige in staat om die verdrukking te weerstaan. Daar is dus op 'n antitetiese wyse 'n eskatologiese faset aan verdrukking verbonde.

Verdrukking in 2:9 het 'n Christosentriese karakter, aangesien Christus sentraal staan by die troos, die oorwinning en die eskatologiese aard van die verdrukking.

¹² Verskillende navorsers het die samehang tussen die selfidentifikasie en die verdrukking waarin die gemeente verkeer het, beskryf in terme van troos en bemoediging. 'n Voorbeeld hiervan is Harrington (1969:86) se stelling: "The titles of Christ ... are calculated to inspire confidence within a church threatened by persecution and death." Hoeksema (1974:77) skryf dat die selfidentifikasie "certainly (is) adapted to fill the members of the faithful church with courage and hope in the midst of suffering".

¹³ In Johannes 16:33 staan: "In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."

- *Daar bestaan 'n tematiese samehang tussen die selfidentifikasie en die verdrukking wat die gemeente verduur het. In die verwysing na sowel die selfidentifikasie as die verdrukking wat die gemeente verduur het, kom die volgende tipe motiewe na vore: antitetiese, eskatologiese, oorwinnings- en Christosentriese motiewe.*

3.1.2 Armoede (2:9)

In 2:9 is *arm* (πτωχεία) en *ryk* (πλούσιος) absolute teenpole van mekaar (Louw & Nida, 1990:561,564). Hierdie teenstelling word ook gemerk deur die kontrasterende kopulatief ἀλλά. Christus wat die dood oorwin het, bring 'n ander waardesisteem; daarom was dit vir die kerk in Smirna moontlik om te midde van stoflike armoede,¹⁴ in 'n ander opsig ryk te kon wees, naamlik in hulle verhouding met en vertrou op God (Visser, 1975:32; Sweet, 1979:85). Uiterlik was hulle arm, maar innerlik was hulle ryk in God (vgl. 2 Kor. 8:9).

Armoede kan 'n persoon se afhanklikheid van God beklemtoon (vgl. byvoorbeeld Matt. 11:5; Luk. 4:18; 7:22). Die praesensvorm van die oproep γίνου πιστός in 2:10 impliseer dat die lidmate van die kerk in Smirna reeds 'n gesonde verhouding met God het en derhalwe kan πτωχεία in 2:9 binne die konteks van hulle verhouding met God geïnterpreteer word.

Dit blyk dus dat die gelowiges die diepste inhoud van hulle rykdom in Christus gevind het - dié Christus wat Homself as oorwinnaar oor die dood bekend gemaak het (2:8b). Hulle rykdom was hulle sekerheid dat hulle in Christus vir die ewige lewe bestem is. Omdat Christus is wat Hy is, kan Smirna se rykdom onoortreflik groter wees aan ewigheidsgoedere as wat hulle arm was aan stoflike goedere (vgl. ἀλλά in Op. 2:9; vgl. ook Rom. 8:18). Die kerk en sy lidmate is nie ryk op grond van wat hulle self vermag het nie, maar op grond van wat Christus vir hulle verwerf het. Die rykdom van die gemeente word daarin geopenbaar dat Christus die heil van die kerk bevorder.

Die frase ὃς ἐγένετο νεκρὸς impliseer dat Christus so arm was dat Hy selfs sy lewe verloor het. Die dieptepunt van Christus se armoede was toe Hy aan die kruis van sy lewe beroof is. Ἔζησεν (2:8b) impliseer weer dat Hy die oorwinnaarslewe as rykdom bekom het. Op grond van Christus se armoede kan die gelowige ryk wees aan ewigheidsgoedere (2 Kor. 8:9): deur sy opstanding het Hy vir die gelowige 'n rykdom van ewigheidswaarde gewaarborg. Die volheidspunt van die gemeente se rykdom is dat hulle saam met Christus oorwinnaars oor die tweede dood is (2:11b).

- *Daar is 'n samehang tussen die selfidentifikasie en die arm-ryktema wat in 2:9 na vore*

¹⁴ Πένης verwys na diegene wat niks oorbodigs of ekstra het nie, terwyl πτωχός diegene beskryf wat absoluut niks het nie - 'n feit wat impliseer dat die lidmate van die gemeente in Smirna uitermate arm was, brandarm, bedelaarsarm (Morris, 1969:63-64).

kom: albei het 'n Christosentriese dimensie wat binne 'n antitetiese, soteriologiese, oorwinnings-, eskatologiese en ekklesiologiese raamwerk na vore kom.

3.1.3 Kwaadstokery (2:9)

Die gemeente in Smirna het kwaadstokery ondervind van die kant van mense wat voor-gegee het dat hulle Jode is, maar tot die sinagoge van die Satan behoort het. Die aktiwiteit van kwaadstokery (βλασφημία) word in 2:9 per implikasie aan die werk van die Satan gekoppel.¹⁵ Dit het reeds geblyk dat βλασφημία in Openbaring 'n besonder sterk antitetiese aard het. Βλασφημία in 2:9 verwoord hoedat die Jode die Christene gesmaad en belaster het (Lenski, 1963:97; Sweet, 1979:85). Die Christene - wat tot 'n nie-gewettigde godsdiens behoort het - is dikwels vals belaster en hulle het tereggestaan as hulle Christus nie verloën het nie. Lastering het soms vir die gelowiges in Smirna op die dood uitgeloop.¹⁶ Juis aan hulle wat met die dood gekonfronteer is identifiseer Christus Hom as dié Een wat die dood oorwin het - 'n feit wat impliseer dat dié lastering op grond van sy oorwinning hulle geen ewige skade kan aandoen nie. Die Jode het hierdie lastering teen die kerk gepleeg en daarin was hulle instrumente in die hand van Satan (Lenski, 1963:98; Mounce, 1980: 93).¹⁷ Die Jode word in 2:9 immers 'n sinagoge van die Satan genoem.

- *Die antitese Christus/Christen teenoor Satan, en lewe teenoor dood kom in 2:9 deur die gebruikmaking van βλασφημία na vore. Daar is 'n samehang tussen die selfidentifikasie en die lastering wat die gemeente moes verduur, in dié sin dat albei 'n antitetiese, 'n oorwinnings- en 'n Christosentriese faset het.*

3.2 Die tweede uitspraak van die Outeur: Aspekte van toekomstige lyding (2:10)

3.2.1 Die eerste bemoedigende opdrag (2:10a)

Die gelowiges word opgeskerp om nie bang te wees vir lyding wat kom nie. Op verskillende plekke in die Nuwe Testament (vgl. Luk. 22:15; Hand. 9:16; Heb. 5:7) impliseer πάσχω dat die een wat ly, sal sterf. In Smirna het dit gebeur dat lyding vir die gelowiges op die dood uitloop (vgl. die bespreking in 3.1).

¹⁵ Op verskillende plekke in Openbaring blyk dit dat lastering van die kant van die Satan gekom het en dat dit primêr teen Christus self gerig is (vgl. 13:1,5,6; 16:9,11,21; 17:3; Pohl, 1973:117).

¹⁶ Die sterwensgeskiedenis van Polikarpos gee 'n lewendige beeld van die vervolging wat die Christene van Smirna moes verduur (Matter, 1960:481; Woolley, 1980:815). Dit is nie seker of Polikarpos ten tye van die skryf van Openbaring biskop in Smirna was nie. Sy eie dood impliseer egter 'n getroue uitleef van die opdrag van Openbaring 2:10: "Wees getrou tot die dood toe" (Morant, 1969:82; Greijdanus, 1973:56).

¹⁷ Uit Johannes 8:44 (vgl. die Jode) en 13:2 (vgl. Judas) en Openbaring 13:4 (vgl. die dier uit die see) blyk dat dit tipies van die Satan se werkmetode is om mense en magte as instrumente in sy diens te gebruik.

Die opdrag "Moenie bang wees nie" in 1:17 word direk verbind aan die uitspraak van Christus: "Ek is die eerste en die laaste en die lewende; Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid." In 2:10 word die gemeente van Smirna bemoedig met die woorde: "Moenie bang wees nie". In die lig van die feit dat daar in 1:17 'n verband is tussen die opdrag (2:10) en die wyse waarop Christus Homself identifiseer (2:8), vind die gemeente dus die grond waarom hulle nie hoef te vrees nie (die selfidentifikasie in 2:8b). Hierdie selfidentifikasie is byna gelykluidend met 1:17 en 18. Die opdrag om nie te vrees nie, vind sy grond dus daarin dat Christus die almagtige God is wat in volle beheer is van alle gebeure in sy kerk, bevestig deur die feit dat Christus uit die dood opgestaan het. Die motivering vir die opdrag het dus binne die raamwerk van die opstandingsmotief 'n teosentriese en Christologiese dimensie.¹⁸

Die dieptepunt van lyding, lastering en verdrukking kan vir die Christen die liggaamlike dood beteken. Al sou hy egter die liggaamlike dood sterf, sal die ewige dood hom geen skade aandoen nie (2:11b) (vgl. die bespreking in 3.1 en 3.2.3). Daar is dus 'n oorwinnende en eskatologiese dimensie verbonde aan die opdrag μηδὲν φοβοῦ ἃ μέλλεις πάσχειν in 2:10.

- *Daar bestaan 'n samehang tussen die selfidentifikasie en die opdrag μηδὲν φοβοῦ ἃ μέλλεις πάσχειν. Die selfidentifikasie en die opdrag word albei in 'n teosentriese en Christosentriese konteks binne 'n oorwinnings-, 'n eskatologiese en 'n opstandingsperspektief geplaas.*

3.2.2 Die aard van die lyding

In 2:10 kom vier sake aangaande die toekomstige lyding (θλίψις) van die gemeente na vore, naamlik die oorsprong, gevolg, aard en duur van die lyding.

3.2.2.1 Die duiwel as oorsprong van lyding (2:10b)

Die oorsprong van die lyding in die gemeente is die werksaamheid van die duiwel wat party in die tronk gaan gooi. Uiteindelik word die duiwel egter in die poel van vuur gegooi, waar hy dag en nag tot in alle ewigheid gepynig gaan word (20:10). Christus, as die almagtige God self, is by magte om dit aan hom te doen omdat Hy ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος (2:8b) is wat in beheer van alle gebeure in die skepping is. Ook die Satan kan dus nie doen wat hy wil nie. Teenoor die beperkte mag van die duiwel staan die almag van Christus. Die beskrywing van die aktiwiteit van die duiwel as die primêre

¹⁸ Lyding het 'n Christosentriese aard in dié sin dat Christus vir die sonde gely en daarmee vir die gelowige 'n voorbeeld gestel het sodat hy in die voetspore van Christus kan volg (1 Pet. 2:21). Die lyding van Christus het met die opstanding uitgemond op die oorwinning oor die dood (Op. 2:8b).

oorsaak van die kerk se lyding, bring 'n antitetiese, 'n oorwinnings- en Christosentriese perspektief na vore.

3.2.2.2 Beproeving as 'n gevolg van die duivel se werk (2:10c)

Die duivel bewerkstellig dit s6 dat lidmate van die kerk in die gevangenis gegooi sal word, met die gevolg dat hulle in beproewing kom (vgl. ἵνα πειρασθῆτε in 2:10). Dat gelowiges in die tronk gegooi word, word op verskillende plekke in die Skrif beskryf (Gen. 40:3; Jer. 37:15; Hand. 4:3; 16:23; 21:33), en dit maak deel uit van die ervaring van die kerk van die laaste dae (Luk. 21:12). Om in die tronk gegooi te word, word in Openbaring 20:7 spesifiek in eskatologiese konteks gebruik. Die feit dat die duivel gelowiges in Smirna in die tronk gaan gooi, plaas dié gebeurtenis in eskatologiese perspektief.

Die rede waarom Christene in die tronk beland het, was as gevolg van hulle geloof in Christus (Mark. 13:9; Hand. 4:3). Al sou dit so wees dat iemand wat onder die Romeinse bewind tronkstraf opgelê is en as gevolg daarvan gesterf het,¹⁹ is Christus in staat om hulle deur hierdie beproewing te dra (Morris, 1969:64). Christus, as Almagtige God, het immers self uit die boeie van die dood lewend geword (Op. 2:8b).

Die in-die-tronk-gooi-handeling van die Satan is waarskynlik ook simbolies vir die ewige dood waarheen die Satan met die gelowiges mik. Christus belowe sy kerk egter oorwinning oor die tweede dood (2:11b; Hoeksema, 1974:77).

Twee kontrasterende lyne van optrede kom in 2:8b en 2:10b na vore: Christus se optrede spreek van lewe uit die dood en stel Hom in oorwinnaarsgestalte voor. Christus soek met sy optrede die heil van die kerk. Hierteenoor word die Satan voorgestel as dié een wat in die tronk gooi en doodmaak. Die Satan toon 'n moordenaarsgestalte en soek die ondergang van die kerk.

Die beproewing wat as gevolg van die werk van die duivel op die weg van die kerk kom, saamgelees met die selfidentifikasie, laat blyk dat daar in 2:10b 'n antitetiese en oorwinningsfaset na vore kom.

- *Op grond van die voorafgaande beredenering kan gestel word dat daar 'n samehang is tussen die selfidentifikasie en die frase εἰς φυλακὴν ἵνα πειρασθῆτε in 2:10 aangesien in albei 'n eskatologiese, 'n antitetiese en 'n oorwinningsfaset in Christosentriese konteks ter sprake kom.*

¹⁹ Verskillende navorsers (w.o. Baljon, 1908:33; Caird, 1966:35; Hendriksen, 1973:65; Ladd, 1972:44) wys daarop dat tronkstraf onder die Romeine met marteling en honger gepaard gegaan het en dikwels op die dood uitloop het.

3.2.2.3 Die aard van die lyding (Op. 2:10d)

In 3.1.1 is die verdrukking wat in die teenswoordige tyd oor die gemeente gekom het, ondersoek. Op verskillende plekke in die Nuwe Testament (bv. Matt. 24:9,21; Mark. 13:19) word $\theta\lambda\iota\psi\iota\varsigma$ in eskatologiese konteks gebruik. Dit is dus moontlik dat die woord in 2:10 ($\kappa\alpha\iota \acute{\epsilon}\xi\epsilon\tau\epsilon \theta\lambda\iota\psi\iota\upsilon$) 'n eskatologiese konnotasie kan hê. Die futurum-vorm $\acute{\epsilon}\xi\epsilon\tau\epsilon$ gee pertinent 'n eskatologiese dimensie aan $\theta\lambda\iota\psi\iota\varsigma$, en in hierdie sin toon die toekomstige lyding van die kerk 'n samehang met die selfidentifikasie.

3.2.2.4 Die duur van die lyding (2:10d)

Die getal *tien* in 2:10 word waarskynlik gebruik om 'n afgeronde volheidstyd te beskryf.²⁰ Die *tien dae* kan ook 'n kwalitatiewe dimensie in verband met verdrukking na vore bring. Die feit dat die verdrukking tien dae sal duur, beteken moontlik dat die verdrukking intensief is en tot 'n volheidspunt gevoer sal word (Hoeksema, 1974:71; Ladd, 1972:44; Morris, 1969:64; Pohl, 1973:119). Die getal tien impliseer dat die verdrukking kwalitatief volledig sal wees, maar ook beperk. Die verdrukking het sy begrensinge met betrekking tot intensiteit en tyd - net tien dae! (Swete, 1906:32; Mounce, 1980:94). Oor die duur van die verdrukking en derhalwe oor die intensiteit self het Christus dus die laaste en finale woord, en nie die Satan nie.²¹ Alhoewel die gemeente van Smirna reeds verdruk word, is die maat van hulle verdrukking nog nie vol nie - nog verdrukking sal volg (Morant, 1969:83).

Daar is dus 'n antitetiese en eskatologiese moment verbonde aan 2:10c. Die soewereiniteit en almag van Christus word ook daarin na vore gebring. Die feit dat die verdrukking deur Christus begrens word, gee aan die bestaan van die gemeente 'n Christosentriese karakter: verdrukking gee nie die toon aan in die bestaan van die gemeente nie, maar Christus se aktiwiteit van lewewekking en oorwinning oor die dood (Wilcock, 1973:46).

- *In sowel die selfidentifikasie as die frase $\acute{\epsilon}\xi\epsilon\tau\epsilon \theta\lambda\iota\psi\iota\upsilon \eta\mu\epsilon\rho\omega\nu \delta\acute{\epsilon}\kappa\alpha$ in 2:10 kom antitetiese, eskatologiese en Christosentriese fasette na vore. Fasette in hierdie frase waarin aspekte van Christus se Christus-wees onderskei kan word, is dié waarin die soewereiniteit en die Godheid van Christus belig word. Daar bestaan derhalwe 'n samehang tussen hierdie genoemde komponente.*

²⁰ Op verskeie plekke in Openbaring (vgl. 12:3; 13:1; 17:3,7,12,16) is van die *tien* horings van die diër sprake. Dit simboliseer waarskynlik 'n afgeronde hoeveelheid mag (Lenski, 1963:365; Morris, 1969:160; Hauck, 1985:143).

²¹ Pohl (1973:199) skryf: "Die Dragensale sind von Gott begrenzt. Selbst in Heiden- oder Satansband befand sich der Gekreuzigte dennoch in Gottes Hand." Aangesien die Satan se antitetiese optrede teenoor die kerk 'n prominente plek in die perikoop het, is Pohl (1973:199) se standpunt geldig dat die Satan die grondoorsaak van die verdrukking in Smirna is. Hierdie standpunt word ook gehuldig deur Caird (1963:36), Morris (1969:64), Greijdanus (1973:57) en Groenewald (1986:53).

3.2.3 Die tweede bemoedigende opdrag (2:10e)

Die tweede opdrag wat Christus aan die gemeente gee, is dat hulle tot die dood²² toe getrou moet bly. In die opdrag γίνου πιστός ἄχρι θανάτου is 'n element van troos en bemoediging vervat. Hy wat die opdrag gee, het immers die dood oorwin (ἐγένετο νεκρὸς καὶ ἔζησεν). Dié opdrag self, asook die troos en bemoediging wat daaruit voortspruit, het 'n Christosentriese onderbou. Die motivering vir die uitvoering van die opdrag is vir die gelowige daarin geleë dat hy in Christus die sekerheid het dat die dood hom nie skade kan aandoen nie (vgl. Rom. 8:37).

- *In sowel die selfidentifikasie as die tweede bemoedigende opdrag kom die motiewe troos en oorwinning in Christosentriese konteks voor. Daar is dus 'n samehang tussen dié komponente.*

In albei die opdragte in 2:10 word die dood vir die gelowige in die vooruitsig gestel (vgl. die bespreking in 3.2.1). Wie Christus is en wat Hy in die verlede gedoen het, soos dat Hy Homself bekend maak (naamlik as die Eerste en die Laaste en dat Hy die dood oorwin het), het egter 'n praktiese effek op die lewe van die gelowige in die hede met die oog op die dood wat vir hom wag. Die twee opdragte toon elkeen 'n eie samehang met die twee onderafdelings van die selfidentifikasie:

In die selfidentifikasie se tweede deel sê Christus met die woorde ὃς ἐγένετο νεκρὸς καὶ ἔζησεν wat Hy gedoen het; hierdie uitspraak wys op sy dade (vgl. die bespreking in 2.2). Die klem in die eerste opdrag val op die toekomstige lyding (μηδὲν φοβοῦ ἃ μέλλεις πάσχειν) wat nie gevrees hoef te word nie, en toon primêr 'n samehang met die feit dat die dood oorwin is. Die verwysing na die toekomstige lyding en die dood wat oorwin is, toon 'n samehang met 'n daad wat deur Christus verrig is, dit wil sê met die tweede deel van die selfidentifikasie.

In die selfidentifikasie se eerste deel sê Christus met die woorde ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος Wie Hy is (vgl. bespreking in 2.1). Die klem in die tweede opdrag val op die feit dat die gelowige getrou aan Christus self moet wees.²³ Die opdrag toon 'n primêre samehang met wie Christus is, dit wil sê met die eerste deel van die selfidentifikasie.

²² Die betekenis waarvoor die woord θανάτος in 2:10 gebruik word, behoort onderskei te word van θανάτος in 2:11 (ἐκ τοῦ θανάτου τοῦ δευτέρου). In 2:10 beskryf dit die fisiese, liggaamlike, tydelike, stoflike dood (die eerste dood), terwyl dit in 2:11 verwys na die ewige dood van die verderf (die tweede dood).

²³ Uit Matteus 10:22 en Openbaring 12:11 blyk dat die fokus in die aktiwiteit van getrou wees nie die dood is nie, maar Christus self. Die partikel ἄχρι in 2:10 gee 'n tydsaanduiding ten opsigte van die aktiwiteit van getrou wees. Die gelowige moet aan Christus getrou bly tot die dood toe (Barnes, 1855:95; Pohl, 1973:120).

3.3 Die derde uitspraak van die Outeur (2:10e,11b)

3.3.1 Belofte (eerste deel): Die ontvangs van die lewe (2:10e)

In 1 Korintiërs 9:25, 2 Timoteus 4:8, Jakobus 1:12 en 1 Petrus 5:4 word *στέφανος* met verwysing na die ewige lewe gebruik.²⁴ Dié kroon is onverganklik. Wanneer aan die gemeente in Smirna belowe word dat Christus aan hulle ó *στέφανος τῆς ζωῆς* sal gee, impliseer dit dat Hy aan hulle die volmaakte ewige lewe sal gee. Met hierdie belofte dien Christus die welsyn van die kerk. Daar kom dus 'n soteriologiese, ekklesiologiese en eskatologiese perspektief in 2:10f na vore.

Dat die belofte oorwinning vir die gelowige beteken, impliseer dat 'n vyand oorwin is. In 2:9 en 2:10a-e is aangetoon dat die gemeente met die dood te doen gehad het, en aangesien die oorwinning die lewe inhou, is die vyand wat hier ter sprake is waarskynlik die dood. Die selfidentifikasie beskryf immers Christus se oorwinning oor die dood. Daar kom dus 'n antitiese aspek in 2:10d na vore: die dood-lewe-antitiese.

Hierdie belofte van oorwinning oor die laaste vyand word aan die gelowige gegee deur Christus wat self met sy opstanding oor die dood oorwin het (Hendriksen, 1973:64; Groenewald, 1986:51). Oënskynlik het Christus se dood sy einde beteken, maar juis dit het sy oorwinning oor die dood ingelui (Morant, 1969:82). Christus se opstanding is die waarborg aan die kerk dat Hy dié belofte sal gestand doen. Dié belofte van Christus aan die kerk het die aard van 'n oorwinning binne 'n Christosentriese konteks.

- *Daar bestaan 'n samehang tussen die selfidentifikasie en die belofte in 2:10f, aangesien in albei komponente 'n soteriologiese, 'n ekklesiologiese, 'n eskatologiese, 'n antitiese, 'n oorwinnings- en 'n Christosentriese aspek ter sprake is.*

3.3.2 Belofte (tweede deel): Die oorwinning oor die dood

Die tweede deel van die belofte wat Christus aan die kerk in Smirna maak, is dat die *tweede dood* hulle beslis nie sal tref nie. In 20:6 en 21:8 verwys dié uitdrukking na die *poel van vuur en swael*; dit wil sê om in die ewige straf en dood in pyn te verkeer, om die ewige lewe en die saligheid te mis (Morris, 1969:65; Ladd, 1972:45). Die uitdrukking ó *Θανάτος τοῦ δευτέρου* in 2:11b verwys dus na die ewige verderf.

Die gelowige kan wel deur die liggaamlike dood skade ly - soos met Polikarpos gebeur het (vgl. 3.1.3) - maar hy sal gewis en seker nie²⁵ deur die tweede dood skade ly nie.

²⁴ *Τῆς ζωῆς* in 2:10 word geïnterpreteer as 'n epekegetiese genitief wat impliseer dat *kroon* dieselfde as *lewe* is (Baljon, 1908:33; Swete, 1906:32; Lenski, 1963:101).

²⁵ In verband met die gebruik van οὐ μή saam met die aoristos subjunktief skryf Blass en Debrunner (1961:84): "Οὐ μή with the aorist subjunctive or future indicative, both of which are classical, is the most definite form of negation regarding the future." 'n Goeie Afrikaanse weergawe van οὐ μή ἀδικηθῆ is dus: Hy sal beslis nie getref word nie.

Christus maak Homself egter in die selfidentifikasie bekend as die Een wat spesifiek die dood oorwin het. Hy is dus in staat om dié belofte te maak dat die ewige dood nie die gelowige sal tref en skade aandoen nie, en sy oorwinning oor die dood is ook vir die gelowige die waarborg van die realisering van die belofte (Lenski, 1963:99; Pohl, 1973:121). Uit bostaande blyk dat die belofte 'n oorwinnings-, 'n eskatologiese en soteriologiese perspektief binne Christosentriese konteks na vore bring.

Soos wat Christus die dood deur sy opstanding oorwin het, s6 sal die gelowige ook die dood oorwin met sy opstanding tot die ewige saligheid (vgl. 1 Kor: 15:54,55; 1 Tess. 4:16). Met die belofte waarborg Christus die ewige voortbestaan van die kerk; die belofte het dus ook 'n ekklesiologiese dimensie. Christus belowe nie aan die gelowige dat hy immuun sal wees teen die eerste en liggaamlike dood nie, maar wel teen dié dood wat die ewige bestemming van die mens skade kan aandoen (Caird, 1966:36). Alhoewel 2:11b negatief geformuleer is, bly die eindeffek daarvan positief; die belofte bevat dus 'n element van troos.

Die dood sny die mens van die lewe af. Die tweede dood sny die mens van die ewige lewe af en is finaal, onomkeerbaar en onherstelbaar 'n ewige bestemming weg van God af (vgl. Luk. 16:26). Die tweede dood en die ewige lewe staan in 'n onversoenbare kontras teenoor mekaar. Die feit dat die belofte oorwinning oor die dood inhou, gee dus aan die belofte 'n antitetiese stempel (Barnes, 1855:95; Harrington, 1969:87).

In 7:3, en in 9:4 en 19 word die werkwoord ἀδικέω gebruik om die oordeel van God, en in 9:10 die werk van die Satan te beskryf. Die werk van die Satan is om te beskadig (Sweet, 1979:86; Schrenk, 1985:24). Die tweede dood kan in die lig van die betekenis wat ἀδικέω in bostaande tekse verwoord, asook in die lig van 20:6 en 21:8, as 'n juridiese daad van veroordeling deur God geïnterpreteer word, en tegelyk kan die tweede dood ook in samehang met die werk van die Satan (vgl. 9:10) en sy ewige bestemming (vgl. 20:6; 21:8) verstaan word. Die dood-lewe - asook Christus-Satan-kontras bring 'n antitetiese moment in 2:11b na vore.

- *Daar is 'n tematiiese samehang tussen die selfidentifikasie en die belofte in 2:11b wat daarin bestaan dat in albei die volgende perspektiewe voorkom: antitetiese, juridiese, ekklesiologiese, oorwinnings-, eskatologiese, soteriologiese, troos- en Christosentriese perspektiewe.*

3.4 Algemene opmerking

Dit wil voorkom of daar behalwe vir die tematiiese samehang wat hierbo beskryf is, ook 'n inhoudelike samehang tussen die selfidentifikasie en die beloftes bestaan (Ladd,

1972:42; Wilcock, 1973:45-46; Hoeksema, 1974:77; Ellul, 1977:131-132), aangesien die dood-lewema in albei die komponente eksplisiet na vore kom. In die selfidentifikasie word beskryf dat Christus dood was en weer lewe. Die belofte aan die gemeente behels dat hulle ewig sal lewe en nie die tweede dood sal sterwe nie (vgl. §3.3).²⁶

Die oplossing vir die probleem waarin die gemeente verkeer (naamlik dat hulle die dood te wagte is), is om die dood te oorwin (vgl. §3.2.2.2). Die waarborg vir die oorwinning oor die dood word in die selfidentifikasie en die belofte beskryf. Dit blyk uit bostaande dat daar 'n inhoudelike samehang tussen die selfidentifikasie en die beloftes bestaan. Deur die wyse waarop Christus Homself aan die gemeente geïdentifiseer het, wil Hy hulle in hulle unieke omstandighede vertrou en bemoedig. Christus wil die lydende gemeente vertrou omdat hy weet dat hulle in die toekoms ook lyding gaan verduur (2:9-10).

- *Daar bestaan 'n inhoudelike samehang tussen die selfidentifikasie en die belofte.*

3.5 Sinopsis van samehang

Drie aspekte wat in die selfidentifikasie na vore kom, kom ook in *al* die ander komponente deurlopend voor, naamlik die antitetiese, die oorwinnings- en die Christosentriese aspek. Hierdie aspekte figureer dus in die hele perikoop. Tesame hiermee is 'n ander belangrike trek van die perikoop die feit dat die eskatologiese aspek ook dikwels voorkom (nl. in 2:9, 2:10c-d en 2:10f en 2:11b). Die ekklesiologiese aspek kom in 2:9b en 2:10b,11b prominent aan die orde. Ander aspekte wat 'n minder belangrike rol in die perikoop speel, maar tog figureer, is die teosentriese en juridiese aspekte, terwyl aspekte waarin die soewereiniteit en Godheid van Christus belig word, ook na vore kom.

Die voorkoms van die verskillende aspekte kan soos volg voorgestel word:

²⁶ 'n Saamlees van die selfidentifikasie en die beloftes, laat blyk dat daar 'n chiasiese (*abba*) struktuur is:

a Dood: $\delta\varsigma \acute{\epsilon}\gamma\acute{\epsilon}\nu\epsilon\tau\omicron \nu\epsilon\kappa\rho\acute{\omicron}\varsigma$ (2:8b)

b Lewe: $\kappa\alpha\iota \acute{\epsilon}\xi\eta\sigma\epsilon\upsilon$ (2:8b)

b Lewe: $\delta\acute{\omega}\sigma\omega \sigma\omicron\iota \tau\omicron\nu \sigma\tau\acute{\epsilon}\phi\alpha\nu\omicron\nu \tau\acute{\eta}\varsigma \zeta\omega\acute{\eta}\varsigma$ (2:10d)

a Dood: $\acute{\omicron} \nu\iota\kappa\acute{\omega}\nu \omicron\upsilon \mu\acute{\eta} \acute{\alpha}\delta\iota\kappa\eta\theta\eta\acute{\iota} \acute{\epsilon}\kappa \tau\omicron\upsilon \theta\alpha\nu\acute{\alpha}\tau\omicron\upsilon \tau\omicron\upsilon \delta\epsilon\upsilon\tau\acute{\epsilon}\rho\omicron\nu$ (2:11b)

Verdere ondersoek kan gedoen word oor die moontlikheid van 'n stilistiese samehang tussen die selfidentifikasie en die beloftes.

Sleutel tot die aard van samehange		
A = Godheid-van-Christus	E = Antitetiese	I = Messiaanse
B = Christosentriese	F = Sotcriologiese	J = Ekklesiologiese
C = Teosentriese	G = Eskatologiese	K = Juridiese
D = Oorwinnings-	H = Opstandings-	L = Soewereiniteits-
		M = Troos-

Komponente	Teks	Aard van samehang											Paragraaf		
		A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	K		L	M
1 Selfidentifikasie	2:8	■	■	■	■	■	■	■	■	■					2
2 Eerste uitspraak (Lyding in hede)	2:9		■			■	■	■	■	■			■		3.1
3 Tweede uitspraak (Lyding in toekoms)	2:10	■	■	■	■	■			■		■	■			3.2
4 Belofte	2:10d 2:11b		■			■	■	■	■			■	■	■	3.3

4. GEVOLGTREKKING

4.1 Gevolgtrekkings in verband met die samehange

4.1.1 **Gedagte-opbousamehang:** Wanneer die perikoop 2:8-11 vanuit die perspektief van gedagte-opbou gelees word, kom aan die lig dat die selfidentifikasie 'n sentrale rol speel. In al die komponente is Christus die primêr handelende (1.2).

4.1.2 **Tematiese samehang:** Daar bestaan 'n tematiese samehang tussen die selfidentifikasie en al die ander komponente in die perikoop 2:8-11, aangesien die antitetiese, oorwinnings-, eskatologiese en Christosentriese perspektief soos in die selfidentifikasie vervat, prominent in die ander komponente as 'n geheel figureer.

Die deurlopende tema in 2:8-11 kan soos volg geformuleer word: *Ondanks die dood, waarborg Christus, die Oorwinnaar oor die dood, die lewe aan sy kerk.* Dié oorwinnings-tema figureer prominent in die perikoop in samehang met die antitetiese, eskatologiese en Christosentriese aspekte. Die lees van die perikoop 2:8-11 binne die raamwerk van die sentrale oorwinningstema, laat 'n logiese samehang tussen die selfidentifikasie en die ander komponente blyk:

- In die selfidentifikasie word Christus beskryf as dié Een wat die dood oorwin het (2.2).
- Al ly die gemeente verdrukking in die teenswoordige tyd, word hulle bestaan tog gekenmerk deur oorwinning oor tydelike lyding. In Christus besit hulle 'n rykdom wat groter as die armoede van die hede is (3.1).

- * Met die oog op die toekomstige lyding wat vir die gemeente wag, word hulle bemoedig om nie daarvoor bang te wees nie, maar getrou te bly, omdat hulle eie bestaan in die teken staan van oorwinning oor die lyding en die dood (3.2). Ondanks die lyding (teenswoordig en toekomstig) wat die gemeente verduur, het hulle lyding in die lig van Christus se opstanding die aard van 'n oorwinning in eskatologiese en Christosentriese konteks. Die probleem wat die gemeente ondervind het, word opgelos deur Christus, soos Hy Homself in die selfidentifikasie bekend maak (3.1, 3.2).
- * Christus belowe aan die gemeente oorwinning oor die dood (3.3.2), en Hy - as die Een wat die dood oorwin het - is ook by magte om dié belofte te laat realiseer.

4.1.3 Inhoudelike samehang: Die feit dat Christus Homself identifiseer as die Een wat dood was en lewend geword het, vind uitdruklik weerklank in die beloftes (2:10f en 2:11b) waar gesê word dat die gemeente die kroon van die lewe sal ontvang en dat die tweede dood hulle nie sal tref nie. Die optrede van Christus, soos Hy Homself in 2:8 identifiseer, sluit *expressis verbis* aan by die beloftes. Daar is dus 'n inhoudelike samehang tussen die selfidentifikasie en die beloftes.

4.2 Algemene gevolgtrekkings

Die besondere samehang wat daar tussen die selfidentifikasie en die res van die periokop 2:8-11 bestaan, impliseer dat die Boodskap as geheel nie geldig geïnterpreteer kan word tensy die samehang tussen die selfidentifikasie en die res van die Boodskap verdiskonteer word nie. Deur verdere navorsing moet vasgestel word tot watter mate dieselfde samehange by die ander Boodskappe in Openbaring 2 en 3 bestaan.

5. BIBLIOGRAFIE

- AUNE, D.E. 1990. The Form and Function of the Proclamations to the Seven Churches. *New Testament Studies*, 36(2):182-204, Apr.
- BALJON, J.M.S. 1908. Commentaar op de Openbaring van Johannes. Utrecht : J. van Boekhoven.
- BARNES, A. 1855. Notes, Explanatory and Practical on the Book of Revelation. Nashville : Broadman.
- BLASS, F. & DEBRUNNER, A. 1961. A Greek Grammar of the New Testament. Vertaal deur Funk, R.W. Cambridge : University Press.
- CAIRD, G.D. 1966. A Commentary on the Revelation of St. John the Divine. London : Adam and Charles Black.
- COETZEE, J.C. 1988. Die prediking (teologie) van die Openbaring van Johannes. (*In Du Toit, A.B., red.* Handleiding by die Nuwe Testament. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. p. 253-314.)
- DENNISTON, J.D. 1966. The Greek Particles. Oxford : Clarendon Press.
- ELLUL, J. 1977. Apocalypse. New York : Seabury Press.
- FARRER, A. 1964. The Revelation of St. John the Divine. Oxford : Clarendon Press.

- GREIJLDANUS, S. 1973. De Openbaring des Heren aan Johannes. Kampen : Kok. (Reeks: Korte Verklaring.)
- GROENEWALD, E.P. 1986. Die Openbaring van Johannes. Kaapstad : NG Kerkgewers.
- HARRINGTON, W.J. 1969. Understanding the Apocalypse. Washington : Corpus Books.
- HAUCK, F. 1985. Δεκά. (In Bromily, G.W. ed. Theological Dictionary of the New Testament. Abridged in one volume. Grand Rapids : Eerdmans. p. 143.)
- HENDRIKSEN, W.H. 1973. More than Conquerors. London : Inter-Varsity Press.
- HOEKSEMA, H. 1974. Behold, He Cometh! Grand Rapids : Reformed Free Publishing Association.
- LADD, G.E. 1972. A Commentary on the Revelation of John. Grand Rapids : Eerdmans.
- LENSKI, R.C.H. 1963. The Interpretation of St. John's Revelation. Minneapolis : Augsburg.
- LILJE, H. 1955. The Last Book of the Bible. Philadelphia : Muhlenberg Press.
- MATTER, H.M. 1960. Polycarpus. (In Grosheide, W.F., red. Christelike Encyclopedie. 5:481.)
- MORANT, P. 1969. Das Kommen der Herren. Zürich : Thomas-Verlag.
- MORRIS, L. 1969. The Revelation of St. John. London : Tyndale Press.
- MOUNCE, R.H. 1980. The Book of Revelation. Grand Rapids : Eerdmans.
- POHL, A. 1973. Die Offenbarung des Johannes. Wuppertal : Brockhaus.
- POYTHRESS, Vern S. 1984. The Use of the Intersentence Conjunctions 'de', 'oun', 'kai' and Asyndeton in the Gospel of John. *Novum Testamentum*, 26:312-340.
- SCHLIER, H. 1985. θλιψις. (In Bromily, G.W. ed. Theological Dictionary of the New Testament. (Abridged in one volume. p. 334-335.)
- SCHRENK, G. 1985. ἀδικέω. (In Bromily, G.W. ed. Theological Dictionary of the New Testament. Abridged in one volume. Grand Rapids : Eerdmans. p. 22-24.)
- SWEET, J. 1979. Revelation. London : SCM Press.
- SWETE, H.B. 1906. The Apocalypse of John. London : Macmillan.
- TORRANCE, T.F. 1959. The Apocalypse Today. Grand Rapids : Eerdmans.
- VAN DER WAAL, C. 1981. Openbaring van Jezus Christus II. Oudkarspel : De Nijverheid.
- VAN RENSBURG, J.J.J. 1980. Die ontleding van sintaktiese struktuur in die Griekse Nuwe Testament. Die ontwerp van 'n metode geïllustreer met Romeine 8. Potchefstroom. (Proefskrif - (Th.D.)-PUCHO.)
- VAN RENSBURG, J.J.J. 1988. A Syntactical Reading of Luke 12:35-48. *Neotestamentica*, 22:415-438.
- VAN RENSBURG, J.J.J. 1990a. The Use of Intersentence Relational Particles and Asyndeton in First Peter. *Neotestamentica*, 24:283-300.
- VAN RENSBURG, J.J.J. 1990b. Indikatief en paraklese in 1 Petrus en die implikasie daarvan vir die kerklike prediking vandag. *In die Skriflig*, 24:71-101.
- VISSER, A.J. 1975. De Openbaring van Johannes. Nijkerk : Callenbach.
- WILCOCK, M. 1973. The Message of Revelation. Leicester : Inter-Varsity Press.
- WOOLLEY, P. 1980. Polycarp. (In Tenney, M.C. ed. Pictorial Dictionary of the Bible. Grand Rapids : Zondervan. 4:815-816)